# CMR NOORD / NORTH

T: (012) 460 9272/3/4 (Head Office) E: cmr@cmrn.co.za F: (012) 460 8531
PO Box 2037, Groenkloof, 0027 NPO Nr: 015-917
Chairman: Ds. D.H. Janse Van Rensburg | General Manager: Dr R Aylward

www.cmrn.co.za

CMR NOORD · NORTH
Ons gee hoop · Refa tshepo
WE GIVE HOPE


**CMR NOORD TREE UIT REGSTRYD MET KBO-STATUS VOLLEDIG HERSTEL.**

**Vandag, op 20 Oktober 2022, in die saak tussen CMR Noord en die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO), het die Hooggeregshof in die guns van CMR Noord beslis deur die volle herinstelling van die organisasie se status as kinderbeskermingsorganisasie (KBO), met onmiddellike effek.**

Ds Danie Janse van Rensburg, Voorsitter van die CMR Noord Beheerraad sê dat hierdie positiewe uitkoms veel meer verteenwoordig as 'n bevestiging dat daar in die eerste plek geen regsgrondslag was vir die herroeping van die organisasie se KBO-status nie. "Dit dien net as nog 'n oorwinning in hierdie onlangse stryd van onregverdige aanslae op die reputasie van die organisasie, alles wat ons ten volle vertrou bevredigend uitgeklaar sal word, sodra geregtigheid sy volle gang geloop het in al hierdie aangeleenthede", sê hy.

In die praktyk is 'n KBO 'n nie-winsgewende welsynsorganisasie wat by die DMO geregistreer is, soos voorgeskryf deur die Kinderwet, met die mandaat om beide nie-statutêre en statutêre kinderbeskermingsdienste te lewer. Nie-statutêre welsynsdienste sluit tipies vroeë voorkomings- en voorkomingsprogramme in om kinders en gesinne te help beskerm, gesinsbewaringsprogramme, sowel as gemeenskapsontwikkelingsprogramme wat daarop gemik is om armoede te verlig en bewusmaking te kweek rondom kwessies soos kinderbeskerming, geweld teen vroue en kinders, ens. Statutêre dienste impliseer die toepassing van die administratiewe funksies van hoofsaaklik die Kinderwet om kindermishandeling soos seksuele, fisiese of emosionele mishandeling en verwaarlosing aan te spreek.

Dr Ronel Aylward, Algemene Bestuurder van CMR Noord verduidelik dat enige persoon wat bewus word van die moontlike mishandeling of verwaarlosing van 'n kind, dit volgens wet moet aanmeld, en dit moet deur die DMO, die polisie of 'n KBO ondersoek word, in lyn met streng protokol. Indien hierdie ondersoeke aandui dat 'n kind in werklike gevaar kan verkeer, moet stappe geneem word om die kind te beskerm, totdat al die prosesse gevolg is en die Kinderhof oor 'n finale uitslag besluit het. Die teenwoordigheid van KBO's in ons gemeenskappe wat **onmiddellik** kan optree wanneer 'n kind 'n slagoffer van mishandeling kan wees, is 'n manier om te verseker dat hierdie kinders 'n stem het, dat iemand hulle hoor en sien, wat vir hulle **nuwe hoop** bring wanneer hul lewens hopeloos blyk te wees. Sy sê: "Hierdie herinstelling van ons KBO-status het letterlik ons hande vrygemaak, sodat ons kan

voortgaan om daar te wees vir hierdie kinders en gesinne wanneer hulle dit die nodigste het."

Volgens prosedure word 'n KBO-status vir 'n tydperk van vyf jaar aangewys voordat dit hersien moet word vir herinstelling, wat beteken dat die CMR-Noord se KBO-status nou van krag sal bly tot 2025, voordat dit weer vir hersiening oorweeg kan word. Gewoonlik het CMR Noord sy besigheidsplan en begroting vir oorweging deur die DMO ingedien op 'n jaarlikse basis, en befondsing is dienooreenkomstig toegewys, maar in die laaste jaar is daar geen fondse toegeken nie. Terwyl CMR Noord nou wel wettig kan voortgaan om kinderbeskermingsdienste te lewer, het die DMO hulleself nie daartoe verbind om weer fondse toe te wys nie en het eerder 'n volledige ondersoek deur die Menseregtekommissie (MRK) aangevra.

Hierdie ondersoek word hoofsaaklik gemotiveer deur die onlangse smeerveldtog teen CMR Noord, aangevuur deur ongegronde bewerings van wangedrag in sekere sake. Een so 'n saak wat beduidende media-aandag geniet het, is dié van Abrie Raaths, waarin CMR Noord onakkuraat voorgehou is as verantwoordelik vir Raaths se skuldigbevinding - deur middel van 'n totale wanvoorstelling van hoe die kinderbeskermingsprosesse werklik werk - sonder om te verduidelik dat CMR Noord **net een van talle rolspelers** in so proses is. Sedertdien is Raaths se borgtogaansoek in 'n poging om sy lewenslange tronkstraf vir sy dogter se verkragting om te keer, deur die hof geweier, maar geeneen van die aantygings teen CMR Noord is daarna deur die media teruggetrek nie.

Vervolgens win CMR Noord ook regshulp in vir die lasterlike verklarings wat deur die "Justice for Raaths"-groep en sy medewerkers teen die organisasie gemaak is, met die versoek vir 'n volledige terugtrekking van alle valse aantyings, sowel as vergoeding vir die skade wat as 'n direkte gevolg daarvan gely is. Een van talle negatiewe uitvloeisels hiervan was byvoorbeeld die onregverdige "kruisondervraging" van CMR Noord deur Derek Watts van Carte Blanche oor elemente van die saak soos die J88 mediese verslag, wat regtens nie binne die verantwoordelikheid van 'n maatskaplike werker val nie, aangesien dit tipies deur die mediese ondersoeker en die polisie hanteer word. Gevolglik het een van CMR Noord se bestaande donateurs hul beduidende befondsing opgeskort.

Ds Janse van Rensburg sê baie van die negatiewe publisiteit waaraan CMR Noord onderwerp is, is gemotiveer deur die stelling dat die organisasie weier om kommentaar te lewer, maar dit is nog nooit volledig gekontekstualiseer nie. Ds Janse van Rensburg dui voort aan dat "die oorgrote meerderheid van die media korrespondente weggeskram het van die hoër waarheid, naamlik dat vanweë die aard van 'n organisasie soos CMR Noord, en die sensitiewe tipe sake waarmee die organisasie werk, word daar beide eties en wetlik van die organisasie verwag om geen openbare kommentaar op sake met betrekking tot weerloses te lewer nie, ongeag wat ander sê of doen".

Hy verduidelik dat daar blykbaar ook 'n argument is dat CMR Noord in menige ander sake geïmpliseer is, en soos die spreekwoord sê: "waar daar 'n rokie trek is, is daar 'n vuurtjie". In werklikheid hanteer die organisasie egter 'n gemiddeld van 600 nuwe kinderbeskermingsake per jaar. Indien 'n mens enigsins die aantal klagtes teenoor die aantal sake wat gehanteer word in ag neem, is dit eintlik eerder 'n getuienis van die puik werk wat CMR Noord oor die jare heen gedoen het. Terselftertyd moet dit in aanmerking geneem word dat byna geen familie ooit werklik gelukkig gaan wees of hul samewerking ten volle gaan bied, wanneer daar geïdentifiseer word dat hul kinders kinderbeskermingsdienste benodig nie.

Dit is van kritiese belang om te verstaan dat die werk van 'n organisasie soos CMR Noord streng gereguleer word, soortgelyk aan organisasies wat mediese dienste of selfs finansiële dienste lewer, om dit eenvoudig te stel. “Ons sal nooit so verwaand wees om te sê dat ons maatskaplike werkers nooit foute maak nie, en as sodanig word elke klag wat ingedien word, wel volledig ondersoek en dienooreenkomstig hanteer,” sê Dr Aylward. "Maar wat ons wel sê, is dat die stelsels en prosesse wat in plek is, doelgerig ontwerp is om te verseker dat die lot van 'n gesin of kind nooit in die hande van een enkele persoon of entiteit kan wees nie."

As sodanig, op dieselfde wyse as wat CMR Noord in die verlede met die DMO saamgewerk het tydens enige gehalteversekering-oudits, verwelkom die organisasie 'n ondersoek deur die MRK. “Terwyl ons KBO-status nou herstel is, sal so 'n ondersoek ongetwyfeld bydra om te verseker dat die vertroue in ons organisasie ook ten volle herstel word,” sê Dr Aylward. As sulks, is die regter se uitspraak in hierdie verband gerusstellend. “Dit is miskien gepas dat die aangeleentheid so verwys word sodat benewens die klagtes wat teen CMR Noord gemaak is, die optrede van die DMO en enige ander relevante partye ook ondersoek kan word”, sé Regter Millar in sy uitspraak.

CMR Noord sal voortgaan om hoop te bring aan die gemeenskappe waarbinne die organisasie funksioneer, deur drie sleutelprogramme, wat insluit: gesinsbewaring d.m.v. voorkomingsdienste,gemeenskapsontwikkeling/armoedeverligting asook statutêre kinderbeskermingsdienste. Ongeag die CMR Noord se oorwinning in die hof vandag, kan die lewering van genoemde dienste egter steeds meer uitdagend raak, nie net weens die gebrek aan befondsing nie, maar ook weens die DMO se onlangs aangekondigde institusionele herbelyningsprojek (IRP). Soos deur Lesego Makghato van Sunday Independent op 22 September 2022 gestel is: "Duisende mense wat van nie-winsgewende organisasies (NWO's) afhanklik is, sal maar self moet klaarkom ná die Gautengse DMO se besluit om hul afhanklikheid van NWO's te verminder".

In die lig van hierdie ontwikkelings sal CMR Noord in alle waarskynlikheid geen ander keuse hê as om doelgerig finansiering van alternatiewe bronne te verkry nie. “Ons wil baie dankie sê aan al ons donateurs wat ons onvoorwaardelik ondersteun het terwyl ons 'n ongekende storm moes trotseer, en wat steeds by ons bly terwyl die gety draai”, sluit Ds Janse van Rensburg af.